


# BULT

Special edition/Spesiale uitgawe

# 100+ starts with a bang...

# Centenary in all its **glory**




Kovsies.
As jy kop wat aangaan.

**Moenie dat mense met jou kop smokkel wanneer dit by jou toekoms kom nie.** Daar is net een kampus wat jou werklik vir die lewe kan toerus. Dis 'n kampus met ses fakulteite waar 'n mens oopkop kan studeer, en sportgeriewe wat kop en skouers bo die ander uittroon. Dis 'n veilige, geïntegreerde kampus waar jy jouself kan wees. En as jy rêrig kop wat aangaan, sal jy weet Kovsies is die plek vir jou.

Kontak ons vandag nog en vind uit hoe jy met 'n kortkop voor die ander kan wegspring.

Universiteit van die **Vry**staat
**wees net jouself**

IN DEO SAPIENTIAE LUX

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
UNIVERSITY OF THE FREE STATE
YUNIVESITHI YA FREISTATA

Posbus 339, Bloemfontein 9300 • Tel: (051) 401 3000
E-pos: info.stg@mail.uovs.ac.za • www.uovs.ac.za

**Redakteur / Editor:**
Leatitia Pienaar
Tel: +27 51 401 9188
Faks / fax: +27 51 430 8397
Pienaarajl.stg@mail.uovs.ac.za
**UV-webblad / UFS Website:**
www.uovs.ac.za

**Uitleg/ Design**
Chrysalis Advertising and Publishing, Bloemfontein

**Drukwerk / Printing**
Beith Digital, Sandton

**Advertensies/ Advertisements**
Infoworks
018 468-2716 / 072 200 7003
hannelize@infoworks.biz

*Bult*, nuustydskrif van die Universiteit van die Vrystaat, word uitgegee deur die Afdeling: Strategiese Kommunikasie aan die UV. Menings wat in die publikasie gelug word, weerspieël nie noodwendig die van die Redakteur, die Afdeling of die UV nie. *Bult* word onder oudstudente, donateurs, sake- en regeringsleiers, meningsvormers en Kovsie-vriende versprei. Artikels mag met die nodige erkenning elders gebruik word. Rig navrae hieroor aan die Redakteur.

*Bult*, news magazine of the University of the Free State, is published by the Department: Strategic Communications at the UFS. Opinions expressed in the publication are not necessarily those of the Editor, the Department or the UFS. *Bult* is sent to alumni, donors, business and government leaders, opinion formers and Kovsie friends. Articles can be published elsewhere, with the necessary acknowledgement. Contact the Editor in this regard.

**Adresveranderinge / Address changes**
Stuur besonderhede aan / Send details to:
Dawid Kriel
Posbus / P O Box 2319
Bloemfontein 9300
Tel: +27 51 401 3409
Faks / fax: +27 51 430 8370
Dawid.stg@mail.uovs.ac.za

# BULT

Junie 2005 Jaargang 53 nr 1

This special edition of the Bult is a collector's item. Although more than 10 000 photographs were taken during the Centenary Year of the University of the Free State - 28 January 2004 to 28 January 2005 - this *Bult* merely presents a limited pictorial overview of some of the centenary activities.

*Bult* contains a chronological overview of all the main moments, followed by a collection of photographs focusing on specific activities during the centenary year. Not only did several academic activities take place, but sport, art and culture contributed towards making the UFS Centenary something out of the ordinary

The objective of the centenary festival was:
- To foster an increased, positive awareness of the UFS as a quality university nationally and internationally.
- To celebrate the achievements of the past and acknowledge what has been accomplished already.
- To reconfirm the commitment to community service and the need to reach out to the part of society that was previously excluded.

The focus of the centenary, with the theme 100+, was :
- Current students and alumni
- Current and previous staff members
- Leaders and different components of society

Throughout the Centenary Year almost a 100 000 people were directly or indirectly involved in the different celebrations. *Bult* brings you this special edition as a contribution to the memories for the years to come…

'n Spesiale ontbyt is gehou vir almal wat betrokke was by die reëlings vir die UV-eeufees wat in 2004 gevier is. Dit is gehou op 18 Maart 2005, presies 55 jaar ná die onafhanklikheidswording van die UV. Hier kry mnr. Jan Ras, eeufeesorganiseerder, erkenning van die rektor, prof. Frederick Fourie, vir sy reuse-bydrae in die Eeufeesjaar.



Foto's in hierdie uitgawe gebruik, is van Stephen Collett, Dries Myburgh, Hannes Pietersel en Gerhard Louw.



# Fees afgeskop met

Hoe vier 'n mens 'n verjaarsdag van iemand of iets wat 'n honderd jaar jonk is? Die antwoord was maklik: met koek, kerse en ballonne. Dit was presies waarmee die honderdste verjaarsdag van die Universiteit van die Vrystaat gevier is. Die fokus was 'n fees vir *almal* op die kampus: alle personeel, alle studente. En almal was daar …

Die verjaarsdagkoek van 'n 100 vierkante meter – 25 meter by 4 meter – is saamgestel uit 'n 100 afsonderlike koeke wat elk een vierkante meter groot was.

Personeel en studente is in honderd groepe opgedeel en teen laatmiddag op 28 Januarie 2004 het elke groep met groot kreatiwiteit die versiering daarvan begin, terwyl worsbroodjies en vrugtesap bedien is. Vir die eerste keer in baie jare het almal op die kampus voor die Hoofgebou op die Rooiplein saam gekuier en saam gewerk.

Met sonsondergang is die koeke nadergedra en afgerond met 'n kers waarna die openingseremonie in aanvang geneem het. Die Rektor en Visekanselier, prof Frederick Fourie, het die heildronk ingestel en daarna die honderdste kers aangesteek: *In Deo Sapientiae Lux*. Terwyl 'n honderd ballonne uit die toring van die Hoofgebou losgelaat is, het DNA Strings oorgeneem met *Happy Birthday to you* waarna oud en jonk tot laataand saam feesgevier en koek geëet het. Die Eeufeesjaar het amptelik begin.

Op Sondag 1 Februarie 2004 het 'n gesamentlike interkerklike toewydingsdiens op die Rooiplein voor die Hoofgebou plaasgevind. Verskeie musiekgroepe het die sang- en lofprysingsgeleentheid gelei. Prof. Teuns Verschoor het 'n kort historiese oorsig oor die seëninge wat die universiteit die afgelope eeu ervaar het, gelewer waarna die boodskap deur ds. Elmarie Wiesner gebring is.



# groot partytjie









Op die eerste foto hier bo is die Rektor en Visekansellier, prof. Frederick Fourie, die SR-president, mnr. Quintin du Plessis, en die SR-visepresident van die Qwaqwa-kampus, mnr. Patrick Motloheneng, terwyl hulle luister na die geskiedenisoorsig deur prof. Nico Luwes. Hierna word die glase geklink vir 'n heildronk op die afgelope honderd jaar, sowel as 'n heildronk op die volgende honderd jaar.



The Main Building was the first building of the University of the Free State to be built on the campus. When alumni and visitors form a picture of the UFS, the Main Building is always a part of it. All main events of the Centenary Year took place in front of this impressive building – built in 1908. A graphic image of the Main Building was also used in the Centenary Emblem.

Refurbishment of the Main Building as offices for the rectorate also started in the Centenary Year as a legacy of the Centenary.


















There are no limits to creativity, especially not when staff and students are celebrating. One university, one festival. Representatives of the Qwaqwa and Vista campuses also participated in the Centenary Festival. Even the statue of Pres. M.T. Steyn played a role.






















Terwyl die Hoofgebou in verskillende kleure bokant die opwinding uitbeur, word die honderdste kers op die UV se honderdste verjaarsdag deur die Rektor en Visekansellier, prof. Frederick Fourie, aangesteek. "Ons grootste taak en diens aan die samelewing, is om seker te maak dat die Vrystaat oor 10, 25 en 50 jaar 'n baie goeie universiteit hier sal hê," het hy in 2004 in sy openingstoespraak gesê.








Laat middag op Sondag 1 Februarie 2004 trek die studente-massa en personeel weer voor die Hoofgebou vir 'n gesamentlike toewydingsdiens saam. Die aand word afgesluit met die sing van die Onse Vader in drie tale:

*Ntata rona ya mahodimong*
*Our Father, which art in heaven*
*Onse Vader wat woon in die hemel.*









# Long walk from birth place



The University officially started as the Grey University College. To commemorate this event, the official opening of the university (on 6 February 2004) started with a procession from the Main Building of Grey Secondary School to the Main Building of the University of the Free State. Pupils and staff members of Grey College, as well as staff and students took part in the procession which was a kilometre long.

While the members of the procession took their seats, Brahms's *Academic Festival Overture* was played by the Free State Symphony Orchestra. Representatives of the Qwaqwa and Vista Campuses formed part of the procession. After the opening by the Rector and Vice-Chancellor, Prof. Frederick Fourie, three torches were lit by the three vice-rectors.

After this an elegant tea function took place, while the sounds of the symphony orchestra filled the Red Square.











Students of all the residences in typical student wear gave colour to the occasion. In the first photograph Prof. Frederick Fourie (Rector and Vice-chancellor) and Mr Johan Volsteedt (Head of Grey College Secondary School) with a UFS student and Grey learner at a photograph of Dr Johannes Bril, first rector of the UFS. In the next photographs the procession to the campus can be seen with learners from Grey College lining the way.















Former vice-rectors Proff. Willem Richards en Chris Small (in the first line of the main photograph on p. 14) also took part in the procession from Grey College.


Right: At the opening: Dr Natie Luyt (then still acting as Dean: Student Affairs), Prof. Talvin Schultz, then Principal of the newly incorporated Vista campus in Bloemfontein, and Prof. Peter Mbati, Head of the Qwaqwa campus.


# Opening van UV 'n kleurryke geleentheid





Studente luister hier, soos in die verlede, na die openingstoespraak van die Rektor en Visekanselier, prof. Frederick Fourie op 6 Februarie 2004. Hy het die swart Amerikaanse skrywer James Baldwin aangehaal: *Know from whence you came. If you know whence you came, there are no limitations to where you can go.*





Drie fakkels is by die openingsgeleentheid aangesteek. Die eerste vlam het kwaliteit, uitmuntendheid, geleerdheid en kritiese ondersoek uitgebeeld, die tweede geregtigheid, gelykheid, verdraagsaamheid, menslikheid en betrokkenheid en die derde vlam het geloof, soos uitgespel in die universiteit se motto vervat: *In Deo Sapientiae Lux* (In God is the Light of all Wisdom, In God is die Lig van alle Wysheid).





Die Rektor en Visekanselier, prof. Frederick Fourie, tydens sy openingsrede. Die voorsitter van die UV-Raad, regter Faan Hancke (middel), saam met dr. Ezekiel Moraka, proff. Frederick Fourie, Magda Fourie en Teuns Verschoor.



















# Die opening van die Eeufeessentrum




Tydens die amptelike ingebruikneming van die "nuwe" Eeufeeskompleks op 10 Maart 2004, is die rooi lint deur die Voorsitter van die UV-Raad, regter Faan Hancke, geknip terwyl die Direkteur Fisiese Hulpbronne en Spesiale Projekte, me. Edma Pelzer, en die Rektor en Visekanselier, prof. Frederick Fourie, toekyk.

*"Let us fortify our foundations and build a great and robust university. Modimo o hlohonolofalse yunivesithi ena,"* lui die inskripsie op die gedenksteen wat by die Eeufeessentrum onthul is.















Die Eeufeeskompleks bestaan uit die Reitzsaal vir groter funksies, die Kanseliers- en Voorsitterskamer, 'n kunsgallery en dan natuurlik die DF Malherbehuis.


# King Moshoeshoe's legacy honoured



A groundbreaking documentary was commissioned by the UFS as part of its Centenary celebrations and directed by Max du Preez. It deals with the remarkable leadership role of King Moshoeshoe, the Basotho leader of the nineteenth century in reconciliation and nation building . With this film and other projects the University of the Free State wishes to celebrate the legacy of this extraordinary African leader. Seen in the main photograph are distinguished guests who attended the première of the documentary film. From the left are Mr Joe Mafereka (Free State MEC for Sport, Arts, Culture, Science and Technology), Ms Ouma Tsopo (MEC for Education), Prof. Frederick Fourie (Rector and Vice-chancellor), Dr Mahono Khaketla (Lesotho's Minister of Communication, Science and Technology), Queen Pinkie Mopeli (chairperson of the Thabo Mofutsanyana District Council) and Mr Tate Makgoe (Free State MEC for Public Safety, Security and Liaison).







The première of the UFS sponsored documentary on the life of King Moshoeshoe was held on 13 October 2004 and attended by dignitaries from the Free State and Lesotho government.


Morena
1786

# Presteerders kry spoggeleentheid











# Eregrade tydens met Eeufees




Erkenning van akademiese prestasie het reeds gedurende April 2004 begin. Tydens diploma- en gradeplegtighede is 'n spesiale eeufeessertifikaat aan ontvangers van diplomas en grade toegeken. Die hoogtepunt van hierdie toekennings was die spesiale Eeufeeseredoktorsgraadgradeplegtigheid op 14 Oktober 2004 voor die Hoofgebou op die Rooiplein. Nie alleen is 12 eregrade toegeken nie, maar was dit ook die begin van die dra van die Leydenpet met die UV-rooi tossel as deel van die akademiese drag vir die amptelike geleenthede van die UV.





Van die mense wat met eredoktorsgrade vereer is, is van bo na onder dr. Frederik Van Zyl Slabbert, prof. Jakes Gerwel, prof. Saleem Badat, prof. Leo Quayle en prof. Jack de Wet. Op die hooffoto ken die Kanselier van die UV, dr. Franklin Sonn, 'n eredoktorsgraad in die Regte toe aan prof. Boelie Wessels, een van die steunpilare in die Fakulteit Regsgeleerdheid.











# UV se steunpilare is vereer met Medaljes



Die Oktoberfeesaktiwiteite is afgesluit met ’n spesiale medaljeplegtigheid waartydens 137 medaljes van voormalige en huidige personeel oorhandig is. Die aand is afgesluit met ’n glansdinee in die Callie Humansentrum.







# Many received medals

The celebration of an institution's Centenary is a privilege. It is an important opportunity to look back appreciatively and critically, and to communicate the result of the introspection visibly.

In looking back on 100 years, it was realised that the UFS could celebrate its development and maturing as a university, because of the contribution of people at all levels: staff, alumni, students and community leaders. It was therefore apt to give special recognition, as part of the Centenary celebrations, to individuals. This is how the idea to award Centenary Medals originated. The primary objective of Centenary Awards is to give recognition to persons who have made an exceptional and above average contribution, preferably with a lasting effect, to the establishment, development of transformation of the UFS.

The contributions and ability of rectors, deans and other occupiers of high-level posts are always singled out. However, their contribution does not tell the whole story. Academics, administrative and professional service staff and grounds and cleaning staff could and did play an equally important role in their specific work context and made significant contributions. Among the 130+ receivers of the medals were: Top row, from the left: Mrs Nettie Immelman, Mr Ewie Cronjé, Mrs Alida Dippenaar, Mr Simon Khosana and Dr Matie Hoffman. Second row: Mr Piet Mahlumba, Ms Maria Molebatsi en Mr Shadrack Shamane, and Prof. Frederick Fourie with former vice-rector Benito Khotseng. Below: Mr Joe Mokoka, Prof. Marlene Viljoen and Prof. Basie Wessels.




Advertensie in *Volksblad* oor die Eeufeesmedaljes.

# Jool en Jol



# vir ’n goeie doel



























Die openingsfees van tien dae is ook afgesluit met die jaarlikse jooloptog op Saterdag 7 Februarie 2004 deur die strate van Bloemfontein. Die tema was *Dankie Suid-Afrika*. Op eg studentewyse het die vlotte van die verskillende koshuise elk 'n gebeurtenis van die Universiteit van die Vrystaat se eerste honderd jaar uitgebeeld.

Foto regs: Kovsie-ondersteuners by die Intervasity. Spesiale rooi Eeufeesserpe het nie alleen gehelp om die Augustus-koue uit te hou nie, maar ook om bykomende warmte aan die dag te gee.


Op die volgende twee bladsye kan 'n deel van die sport(s) in aksie gesien word.



# Kovsies champions in



# the Intervarsity






During March 2004 the first of a series of intervarsities during the Centenary Year took place. Centenary banners and flags fluttered at every event where first-team matches of the different sport codes took place. At the annual intervarsity against the Pukke (North-West University) during August, the first soccer team and the Shimlas jointly constituted the main programme at Shimla Park.

A special sport festival for all enthusiasts was held during May. For the less serious participants in sport there was a fun walk across the campus.


FNB












Op julle merke. Prof. Frederick Fourie speel afsitter tydens 'n pretdraf. Me. Seugnet Karsten, Joolkoningin.
Lede van 'n netbalspan tydens een van die wedstryde.








Ongeveer honderd jaar gelede is personeel en studente van die destydse Grey-Universiteitskollege jaarliks voor die Hoofgebou afgeneem. Na honderd jaar is dit nie meer moontlik om ongeveer 25 000 mense – personeel en studente – op een foto in te pas nie, tog sal die geesdriftige herinneringe daar bly vir die wat wel deel van die 100+-foto op 4 Februarie 2005 was: die grondslag vir die volgende honderd jaar.

Brandweer se hulp moes ingespan word om die foto van personeel en studente op die Rooiplein te neem. 'n Span in die vliegtuig het die dag ook op video verewig.



The official opening of the 2005 academic year took place on 4 February 2005. After the opening all the staff and students once again proceeded to the Red Square where a photograph was taken of all those present against the background of the campus and the Main Building. Maybe a similar photograph will be taken a hundred years from now. The plus of 100+ had started.

On 6 February 2005, exactly one year after the opening of the university during the Centenary Year, the centenary was concluded with a special devotional service with the theme *In Deo Sapientiae Lux*.

The evening was concluded with a massive fireworks display. What a privilege to have been able to share in a once-in-a-lifetime event. (See photograps on pages 44 and 45.)



# Closing of the Centenary Year

# Fireworks light









The closure of the Centenary Year was in fact also a commitment to the next hundred years of the UFS. The combined devotion service, with the theme *In Deo Sapientiae Lux* led by Dr Wollie Grobler, was attended by students, staff and friends. The theme of the special evening was dinamics of light.

# up the sky





# Fokus op oudstudente







Op 18 Maart 2005 – onafhanklikheidsdag vir die Universiteit van die Vrystaat – is 'n spesiale oggendtee gehou onder die bome op Rooiplein vir oudstudente wat voor 1950 aan die UV studeer het. Op die foto links bo is Valerie Greyling (1943 tot 1946) met 'n gebreide Kovsie-baadjie.

Op die oorkantse blad klou personeel van UV-Bemarking aan die Kovsie-ballon tydens die Volksblad Kunstefees.








On 28 January 2005 the centenary year was at an end and students in large numbers kept the fires burning during a potjiekos competition. In future 28 January will be Kovsie Day on campus. One wonders how the next century will be celebrated…

# en ander








Dr. Matie Hoffman by een van die Boyden-wetenskapsentrum se programme om wetenskap en tegnologie onder skoliere en die publiek te bevorder. Die sentrum het ook in die Eeufeesjaar geopen.




Prof. Letticia Moja, Dean of the Faculty of Health Sciences, was a winner in the education division of Checkers Shoprite Women of the year competition.

Foto p. 48: Die Volksblad Kunstefees het mense landwyd gelok.



Musiek het 'n promimente rol deur die Eeufeesjaar gespeel en die UV het ook die geleentheid gebruik om sy verdere betrokkenheid daarby uit te bou. Vriende van die universiteit het diep in hulle sakke gedelf en so het die Mangaung Stryk-program, 'n vennootskap tussen die UV en die Vrystaatse Musicon – 'n instansie wat resorteer onder die Vrystaatse Departement van Sport, Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie – 'n hupstoot ontvang toe R342 000 aan die program geskenk is deur die Wesbank/First Rand Stigting vir die aankoop van 'n bus. Agter is van links prof. Frederick Fourie, mnr. Peter Guy, stigter en koördineerder: Mangaung Stryk-program en senior dosent by die Musicon, me. Francine Duvenage, Bestuurder: Menslike Hulpbronne, Wesbank, mnr. Apie Otto, Area-bestuurder: Voertuie, Wesbank Vrystaat en Noord-Kaap, en voor is van die kinders wat baat sal vind by die skenking.

# Sasol-Biblioteek verjaar







UV-Sasol-biblioteek het ook aan die feestelikhede deelgeneem. Op die foto bo is van links prof. Magda Fourie, dr. Ezekiel Moraka, mnr. Clemence Namponya, me. Alida Dippenaar en prof. Sakkie Steyn. Op die foto links is me. Pateka Matshaya van die Biblioteek Inligtingsdienste, en op die foto's onder van die ander personeellede van die biblioteek voordat nog 'n verjaarsdagkoek met die UV se Eeufeesvieringe gesny is.





# SR hou ook reüniedinee



Die 2004/2005-SR tydens die reüniedinee.



Lede van die Eeufeeskomitee tydens die SR-reünie as deel van die afsluiting van die UV se eeufees. Van links Jan Ras, Eeufees-projekkoördineerder, Elize Rall, Nicolaas du Plessis en Louis Botha.



Al die oud-SR-presidente wat die reüniedinee bygewoon het.



Die enigste "honger Bulters" soos hulle bekend staan. van links prof. Jaap Bosch, prof. Herman Crause, mnr. Japie Badenhorst.

# Regslui landwyd by spogdinee



The Law Alumni of the UFS presented a gala dinner on Wednesday 17 November 2004 in honor of the Appeal Court and the Free State Supreme Court. The dinner was attended by more than 200 people from across the country. The main speaker was Judge Pius Langa, now Chief Justice. Some of the guests at the dinner were, from the left Judge Andries van Coller, Judge Faan Hancke, Prof. Johan Henning, Mr Nico Botha.

# Oud-Kovsies vereer







Die Kovsie-Alumnibond het me. Antjie Krog, mnr. Gert Grobler, Suid-Afrika se ambassadeur in Spanje, en Coenie de Villiers vir hul prestasies en bydraes tot die Universiteit van die Vrystaat vereer. Op die middelste foto ontvang prof. Nico du Plessis, Voorsitter van die Kovsie-Alumni Trust die toekenning namens mnr. Grobler.



**With energy, anything is possible.**

A piece of local craft could become the favourite possession of a child in a far corner of the globe.

Our borders need never be our limits.

Eskom

With Energy, Anything is Possible.

www.eskom.co.za

Permit Mail

POO0174C

100+ UV-UFS

SOUTH AFRICA

Return address: Dawid Kriel, P O Box 2319, Bloemfontein 9300

# 1904

## Universiteit van die Vrystaat

## University of the Free State

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT • UNIVERSITY OF THE FREE STATE • YUNIVESITHI YA FREISTATA